Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Werner Gordon**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Werner.Gordon@westerncape.gov.za | 021 467 2961

Lêerno.: 20/2/1
Verwysing: 20240513-3783

Eksamenadministrasieminuut: 0004/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Teruggawe van onopgeëiste sertifikate vir die Nasionale Senior Sertifikaat**

1. Alle rolspelers asook prinsipale van hoërskole/sekondêre skole en bestuurders van gemeenskapsleersentrums moet asseblief kennis neem van die volgende:

   (a) Alle onopgeëiste sertifikate en 'n afskrif van die lys met sertifikate (lys met handtekeninge van kandidate wat hul sertifikate afgehaal het), moet verkry word en na 'n tydperk van 12 maande vanaf die ontvangsdatum daarvan deur die sentrums aan Hoofkantoor terugbesorg word.
   (b) Die sertifikate en 'n afskrif van die lys met sertifikate ten opsigte van November 2022 se eksamen, wat gedurende 2023 uitgereik is, moet asseblief nie later nie as **Vrydag, 16 Augustus 2024** aan Hoofkantoor terugbesorg word. Hierdie proses moet jaarliks herhaal word.

2. Onopgeëiste sertifikate sal vir 'n tydperk van drie jaar in 'n veilige area by Hoofkantoor bewaar word vir moontlike afhaal deur kandidate. As sertifikate nie binne die driejaartydperk opgeëis word nie, sal dit vernietig word.

3. Die betrokke rolspelers moet, benewens die bogenoemde, ook aan die regulasies, beleide en Umalusi-direktiewe met betrekking tot die volgende voldoen:

   (a) Onopgeëiste sertifikate **moet** een jaar ná uitreiking aan die skole terugbesorg word.
   (b) Sertifikate **moet** deurgaans as uiters waardevol en vertroulik hanteer word.
   (c) Sertifikate **moet altyd** onder veilige omstandighede bewaar word.
   (d) Kandidate **moet** in kennis gestel word wanneer sertifikate gereed is om afgehaal te word, en die verspreiding moet noukeurig onder veilige omstandighede geskied.

4. Skole word versoek om onopgeëiste sertifikate duidelik te merk en aan Hoofkantoor terug te besorg:

**ONOPGEËISTE SERTIFIKATE VIR AANDAG:**
Mnr. Werner Gordon
Direktoraat: Eksamenadministrasie
11de Verdieping, Lokaal 11.12
Wharfplein-noord 1
Laer Loopstraat 2
Strandgebied
KAAPSTAD
8001

5. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het opgemerk dat baie min skole by die sperdatum hou om onopgeëiste sertifikate terug te besorg. Sertifikate moet nie sporadies oor 'n paar maande ná die sperdatum terugbesorg word nie, want hierdie praktyk belemmer dienslewering aan kliënte.

6. Prinsipale mag nie sertifikate langer as die vasgestelde datum hou nie, aangesien hierdie praktyk direk in stryd is met Umalasi-omsendbrief QCC2 van 2012, gedateer 07 Maart 2012 (**aangeheg**).

7. 'n Klaringsertifikaat is hierby aangeheg en moet deur skole voltooi word om te bevestig dat alle sertifikate vir die vermelde jare verwyder en aan Hoofkantoor terugbesorg is.

8. Navrae betreffende die terugbesorging van onopgeëiste sertifikate kan gerig word aan mnr. Werner Gordon by e-posadres: Werner.Gordon@westerncape.gov.za

9. U samewerking in hierdie verband word waardeer.

**GETEKEN:** B LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-05-27